# LEIER GIDS

## ***Hoe om hierdie Bybelstudie te gebruik***

Hierdie Bybelstudie bied eenvoudige gereedskap aan leiers om hul groep op ‘n innemende wyse en interaktiewe studie deur die Skrif te lei. Die eenvoud en diepte van hierdie studies moedig mense van alle ouderdomme en vlakke van geloof aan om die Skrif as individue of in klein groepies te verken.

Die studie is ‘n daaglikse gids vir diegene wat graag die gedeelte op hulle eie wil voltooi ter voorbereiding vir die groepbespreking die daaropvolgende week.

Groepslede lees die bepaalde Skrifgedeelte elke dag deur, bid vir begrip en voltooi die daaglikse vrae. Die Heilige Gees openbaar daagliks dieper betekenis en insig in die gedeelte. Groepslede leer om aktief die Woord van God te bestudeer, persoonlike ontdekkings te maak en om die transformerende waarheid van God toe te pas deur die volgende eenvoudige Bybelstudie benadering te volg:

- **Waarneming**
  Wat sê die Skrif?
  Wat is die hoofgedagte?
- **Interpretasie**
  Wat beteken die Skrif?
  Wat is die belangrike woorde, frases en gedagtes?
- **Toepassing**
  Hoe lei die Heilige Gees my om die Skrif in my lewe toe te pas?

## ***Hoe om n Bybelstudiegroep te begin***

Ons glo God wil jou gebruik net soos jy is en waar jy bly, werk of sosialiseer om ‘n ewigheidsimpak te maak. Hier is drie maklike stappe om te begin:

### 1. Bid

*... dit alles begin met gebed en verhoudings.*

**BID**

- Bid vir n vriend wat jou sal help om die Bybelstudiegroep te begin.

- Bid gereeld saam. Vra God vir Sy plan en leiding.
- Bid terwyl jy deur jou plaaslike omgewing stap. Vra God vir Sy seën en beskerming.
- Bid vir mense by die naam. Vra God vir geleenthede om mense te ontmoet en vir hulle om te gee en te dien. Gebare van omgee en geopende harte bou en versterk verhoudings.
- Bid dat hulle geïnteresseerd sal wees om die Bybel te bestudeer.

**VERHOUDINGS**

- Kom in aanraking met ander wat naby jou bly, werk of sosialiseer. Wees vriendelik en bemoedigend.
- Neem inisiatief om gesprekke te begin– vra goeie vrae en luister aandagtig.
- Spandeer tyd saam, oor ‘n koppie tee, koffie of ’n maaltyd.
- Wees op die uitkyk vir geleenthede om lief te hê, om te gee en te dien.

## 2. SKAKEL IN

*... bevestig diegene wat geïnteresseerd is.*

**BEPLAN ‘n ONTMOETING**

- Kies ‘n plek, tyd en datum.
- Maak ‘n lys van die mense wat jy graag wil nooi.
- Bid en nooi hulle uit om te kom.
- Beplan om verversings te bedien as jy wil.
- Stel ‘n lys van vrae op om gesprekke te begin, of beplan ‘n “kenmekaar” aktiwiteit vir die byeenkoms.

**GIDS VIR DIE BYEENKOMS**

- Bedien tee, koffie en/of verversings.
- Verwelkom almal, stel jouself voor en leer mekaar ken (maak van vrae of aktiwiteite gebruik) en sit genoeg tyd opsy om die geleentheid saam te geniet.
- Aan die einde van julle samekoms sê iets soos “ Ons het ‘n goeie tyd saam gehad. Ek wil graag ‘n veilige omgewing en ‘n omgee-gemeenskap bied waar ‘n groep van ons die Bybel saam kan bestudeer, ontdek wat dit sê en hoe ons persoonlik daarby kan baat. *Stel my asseblief in kennis as jy daarin sou belangstel.”*

## 3. LEI

*... begin.*

- Laai die Studiegids vir elke persoon af en druk dit uit.
- Kies een van die vier stelle Voorgestelde Skrifgedeeltes uit die Studiegids.
- Groepslede sal 'n klein notaboek benodig om hul antwoorde op elke dag se vrae aan te teken.

# ***Hoe om die Bybelstudiegroep te lei***

Begin met ‘n kort gebed.

- Lees die inleidende VERTROUE storie hieronder wat die studie se tema verduidelik.

- Vra ‘n vrywilliger om die Skrifgedeelte te lees.
- Lei ‘n bespreking na aanleiding van die daaglikse vrae in die Studiegids.
- Moenie bekommerd wees as daar stiltes na die vrae is nie. Die doelwit is bespreking, nie dat die leier al die antwoorde voorsien nie.

Om die bespreking sinvol te hou is dit belangrik om die groep gereeld aan ‘n paar handige riglyne te herinner:

- Praat hard en duidelik sodat almal kan hoor.
- Antwoord met kort stellings, nie lang stories nie.
- Hou Christus en die Bybel sentraal tydens die besprekings.
- Bly gefokus en vermy kontroversiële kwessies.

Verseker jou groep dat die Heilige Gees Sy Woord, elke groepslid se omstandighede en waar hulle hulself op hul geestelike reis bevind, sal gebruik om hulle persoonlik te onderrig en Sy wil in hulle lewens toe te pas.

- Stel die Skrifgedeelte vir die volgende week vas teen die einde van die studie sessie.
- Moedig lede van die groep aan om ander uit te nooi om enige tyd deel van die groep te word. Dit skep ‘n verwelkomende atmosfeer en ‘n gevoel dat daar vir mekaar omgegee word.
- Sluit af met ‘n kort gebed.

Aanvullende opvolgvrae om jou studie te verryk:

- Het God jou iets anders tydens die sessie geleer?
- Kan jy op jou antwoord uitbrei?
- Wil iemand iets byvoeg op bogenoemde antwoord?
- Wat het vir jou uitgestaan van die vers?

**Inleiding:**
Vertroue is ‘n keuse. Dit is aktief en nie passief nie. Dit is ‘n vaste gehoorsaamheid aan God se Woord in alle omstandighede. God spreek en ons luister, vertrou en antwoord met gehoorsaamheid!

Byvoorbeeld: Iemand kan dalk sê “Ek vertrou dat hierdie kos veilig is om te eet en nie giftig is nie.” Maar as daardie persoon dan weier om van die kos te eet, wat kommunikeer hy deur sy optrede? Dit is so maklik om te sê: “Ja, ek stel my vertroue in God. Sy Woord is die waarheid.” Daar is egter altyd ‘n keuse en ‘n optrede betrokke wat daarop dui wat iemand werklik glo en waarin hulle hulle vertroue stel.

‘n Voorbeeld van hoe vertroue in die regte lewe lyk is deur ‘n vertoning van ‘n beroemde koordloper Charles Blondin geïllustreer. Hy was die eerste persoon wat die Niagara-valle op ‘n spandraad van 402m in lengte en amper 50m bo die water oorgesteek het. Die eerste rondte het hy die valle geblinddoek oorgesteek. Daarna het hy dit gedoen terwyl hy ‘n kruiwa stoot en op stelte loop! Toe vra hy die skare hoeveel van hulle glo dat hy ‘n mens op die spandraad na die oorkant kan dra. Die skare het in ‘n applous uitgebreek en daardeur aangedui dat hulle Blondin se vaardigheid en bekwaamheid vertrou . Hy het toe gevra of daar ‘n vrywilliger is wat sou

instem om deur hom oor die spandraad gedra te word. Niemand het hul hand daarvoor opgesteek nie! Dit was maklik om te sê hulle vertrou Blondin, tog het hulle aksie die teendeel bewys. Hulle het hom nie regtig genoeg vertrou om na vore te tree nie.

In Matteus 8:5-13 is daar vermelding van Jesus se verbasing oor die Romeinse offisier se eenvoudige, dog volslae, vertroue. Die offisier reageer op Jesus se aanbod om saam na die offisier se huis te gaan om sy slaaf gesond te maak. “Sê maar net ‘n woord en my slaaf sal gesond word. Ek is ook ‘n mens wat onder gesag staan en ek het soldate onder my. Vir een sê ek: ‘Gaan daarheen!’ en hy gaan; en vir ‘n ander: ‘Kom!’ en hy doen dit.”

Jesus was verwonderd toe Hy dit hoor, en Hy sê vir die mense wat agter Hom aangekom het: “Dit verseker Ek julle: Ek het nog by niemand in Israel so ‘n groot geloof teëgekom nie.” Jesus sê toe vir die offisier: “Gaan terug, en wat jy geglo het, sal gebeur.” En sy slaaf het op daardie oomblik gesond geword.

Net soos wat die Romeinse offisier op Jesus se Woord vertrou het, sal hierdie Evangelie-deurdringde Bybelstudie jou groeplede aanmoedig om God aan Sy Woord te hou en daarvolgens te leef.

VERTROUE © 2017 NBS2GO. Alle regte voorbehou. Oorspronklik gepubliseer in Engels as *TRUST* © 2016 NBS2*GO*.
Vertaal en kultureel aangepas deur NBS2GO. http://www.nbs2go.com